TJOKKIE brokkies!

Uitgawe 9|2|2018

7 Junie 2018

Uit die Kantoor …

Hierdie is die laaste nuusbrief vir die kwartaal. Sterkte aan ons Tjokkies vir die halfjaar eksamens. Tjokkies wens ook elke gesin ‘n aangename wintervakansie toe.

Gesinspretdag

… en was dit nou nie ‘n lekker pretdag nie! Baie dankie aan die 500 ouers en kinders wat dit bygewoon het. Ons is dankbaar dat soveel ouers nog tyd saam met hulle gesinne bestee. ‘n Groot dankie aan die leerlingraad-ouers wat dit gereël het.

Eksamentye

Die skool begin vanaf Donderdag, 14 Junie om 7:45 en sluit om 13:00 vir alle leerlinge. Die eksamens word van 9:15 tot 11:00 geskryf.

Privaat Rekenaarprogram

Elke kind het ‘n brosjure in die verband ontvang, wat u asb self moet beoordeel en besluit. Indien u belangstel, voltooi u dit en stuur dit terug na u klasonderwyser. Die instansie sal u self kontak. Indien u nie belangstel nie, teken dit net sonder enige gegewens en stuur dit terug.

Die skool en klasonderwysers ontvang elk ‘n gratis program indien ons 80% van die vorm terugkry. Absoluut opsioneel!

DISSIPLINE

Soos by alle skole bly dissipline maar ‘n tammeletjie. Tjokkies het altyd daarop geroem dat hier nie veel growwe oortredings en probleme is nie, maar ons sukkel die laaste tyd bietjie daarmee. Ons hanteer dit wel met die nodige erns.

Ondanks ons waarde-gedrewe program is dit tog asof die normale klein jakkalsies soos taalgebruik, bakleiery, respek, ensovoorts aan die toeneem is. Ons versoek ouers om die vakansie, maar ook voortdurend, met u kind hieroor in gesprek te gaan. Opvoeding bly primêr u as ouer se verantwoordelik-heid. Ons vat wel hande in die proses, maar steun op u samewerking.

BELANGRIKE DATUMS

7 Junie: Buitemuurs staak. Daar is wel nog hokkieproewe wat afgehandel moet word.

8 Junie: Die skool sluit om 13:00 vir almal soos in verlede week se nuusbrief berig is.

Ons hou duimvas vir ons 0/12 & 0/13 A netbalspanne wat deurgedring het na die finaal van die Vrystaattoernooi wat by Sentraal Hoërskool plaasvind.

11 Junie: Ons Jeugweekprogram vind plaas gedurende die oggende. Sien aangehegte program.

14 Junie: Die eksamen begin. Sien die rooster wat gesirkuleer het.

16 Junie: Jeugdag

21 Junie: Die leerlinge ontvang die TJOK-KLELTS. Lees gerus hierdie pronkstuk waarmee baie moeite gedoen word. By voorbaat dankie aan die redaksie.

22 Junie: Die skool sluit om 10:00

17 Julie: Die skool heropen.

Die Gr 6 leerlinge vetrek na die buitelugskool.

MUSIEK

Alle lesse vir die tweede kwartaal staak op Dinsdag, 12 Junie 2018. Daar is steeds enkele uitstaande musiekgeld verskuldig, selfs van die eerste kwartaal. Maak asb seker dat u rekening tot op datum vereffen is.

Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asseblief.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

UITSLAE

Die volgende spelers is vir die Vrystaat Rugbyspanne verkies:

0/13 A
Luan Calitz
0/13 B
Ricu vd Bergh
Stefan Venter
0/12 A
Phillip Erasmus
IJ Jonker
Dale Williams

Baie geluk!

VERJAARSDAE

26 Junie: Juf Sariana v Vuuren (Gr 3) en juf Liezl Hiten (Jeugwerker)

1 Julie: Juf Deo-marie de Vries (RO)

11 Julie: Juf Nadine Malherbe (Gr 2)

15 Julie: Mnr Philip Marais (Gr 5)

Hokkiekliniek in vakansie

Wil jy jou kind se hokkie-vaardigheid 'n hupstoot gee? Woon ons hokkiekliniek van 12 - 13 Julie 2018 by.

Waar? Hier op Tjokkies se hokkieveld

Indien u belangstel, kontak gerus vir juf. Janah Posthumus by: 079 881 1935

LEERDERRAAD PROJEK

Maak solank asb alle plastiekdoppies en -proppies bymekaar die vakansie. Bring dit volgende kwartaal saam skool toe. Meer inligting in volgende nuusbrief.

VAKATURE

Me Maretha Steyn het bedank as musiek-juffrou met ingang 1 Julie. Dit beteken dat Tjokkies vanaf volgende kwartaal 'n vakature het vir 'n gekwalifiseerde musiek-onderwyser wat by Tjokkies se ooreenkoms wil inskakel. Belangstellendes kan met die skoolhoof skakel by 051 5221371 of 082337946.

Tjokkies Pretdag 2018

BORGE EN PRYSE

Annique (Marissa stevens)
Auto Zone (Watkey Straat)
Base (Evert Ceronio)
Body Stress Release
Calmdene Aroma and beauty clinic
Catro Supplies
Chem Dry
Edunation
Elbow Room Restaurant
Epimax
ER 24
Etron
Flash & Learn
G6 Service
Impa Paints
Itau
JHT Verspreiders
Jumperslane
Kloppers
Land Rover
Leerderraad ouers
Loekie vd Westhuizen
Lokken Fekker
Lourens Potgieter (Trapkarre)
Medi - Clinic
Mend-a-bath
Konrad Botha (musiek)
National Brand
Nedbank (Theresa Fourie)
On the dot
Pam Golding (Mandy Labuschagne)
PizzaZ
Profmed
Selati Suiker
SHC Consulting
Smith & Maarsingh oogkundiges
Sun International
Sweat Gear
Tuinpark
Vinkel en Koljander
Wimpy (Pretty Gardens)
Wiseman Midas Group
Young Entrepreneurs

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com